



# NAMIBIA<sub>SIM</sub> NEWSLETTER

## NUUSBRIEF NOVEMBER 2018

### KEURINGS 2019

Die keurings vir 2019 sal vroeg in volgende jaar aan telers deurgegee word.

### OORDRAGTE

Graag wil ons, ons telers bedank vir hul samewerking deur die diere wat hulle verkoop het te laat oordra na die nuwe eienaars. Die Namibiese kantoor ontvang baie oordragte wat uitgepos word aan die nuwe eienaars met n Simmentaler of Simbra joernaal. Hierdie word as baie belangrike ras promosie beskou . Indien telers ondervind dat die dier verkoop nie oorgedra is nie. Kontak asb die Namibiese kantoor.

### DNA HAARMONSTERS

Die Genootskap het n Suid Afrikaanse Invoer Permit vir haarmonsters na Unistel gekry. Dit maak dit vir telers moontlik om haarmonsters wettig na Unistel te stuur. Daar is sertifiseerde afskrifte by die Simkantoor beskikbaar vir telers wat die koeverte moet vergesel.

Die volgende prosedure moet gevolg word

1. Die hare moet in koeverte wees.
2. Dan moet die klein koeverte in n groot oop koevert verpak wees. Veeartseny wil kan sien dat daar sterthare in die kleiner koeverte is. Ook die grensbeampes as hulle dit wil oopmaak.
3. Die sakkies moet getel wees.
4. Dit word dan in n wit cooler box gepak.
5. Die box word met 2 aluminium seels geseel, deur die veearts.
6. N gesertifiseerde afskrif van die Master Permit word dan saam met n permit van Veeartseny aangeheg. Die permitte kan by die Simkantoor verkry word.



# NAMIBIA SIM NEWSLETTER

7. Daar moet n invoice by wees vanaf die teler aan Unistel vir 100 dollar, waarop N\$ 15.00 betaal word vir customs.

Telers wat belangstel kan Hennie kontak. Hy sal enige vrae beantwoord, maar ons vra dat telers self die haarmonsters moet pos of dan koerier om seker te maak alles is reg. Dit is ook belangrik dat die Genootskap of dan Hennie, as sekretaris geen verantwoordelikheid aanvaar vir die verpakking weggestuur nie. Dit berus by die telers om monsters betyds te stuur en om seker te maak dat dit by Unistel uitkom.

## Belangrike inligting

Elektronies lewering van DNS toets resultate aan die Genootskap deur Unistel. Unistel vereis skriftelike toestemming van elke teler voordat sy DNS uitslae aan die genootskap voorsien sal word. Toestemming kan per epos gestuur word aan Unistel. Wanneer u haarmonsters instuur kan u n nota aanheg en die toestemming gee dat die haarmonsters aan die genootskap gestuur moet word.

## SIMXTRAVAGANZA VEILING

Die SimXtravaganza veiling was aangebied op 19 Oktober 2018

Die pryse was as volg

Bulle	Aantal	Verkoop	Hoogste prys	Gem prys
Simmentaler	16	15	70 000.00	47 733.00
Simbra	11	11	92 000.00	53 818.00

Die voorlopige datum vir die veiling vir 2019 is 18 Oktober.

As genootskap gaan ons vir die toekoms vereis dat alle eienskappe gemeet van die dier, deur die teler op die katalogis gaan verskyn. Ons gaan die eienskappe gemeet van die RSA kantoor aanvra.

